NHLRP | National Home Language Reading Programme


# Kernleesboek

GRAAD 2

## AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 1 & 2



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Kernleesboek

GRAAD 2 | KWARTAAL 1 & 2

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Inhoud


**Kwartaal 1** ........ **1**

Tema: **Ons stel doelwitte** ........ **2**

Week 1 ........ 2

Week 2 ........ 5

Tema: **Ons help** ........ **12**

Week 3 ........ 14

Week 4 ........ 21

Tema: **Ons liggame** ........ **28**

Week 5 ........ 30

Week 6 ........ 37

Tema: **Ons los raaisels op** ........ **44**

Week 7 ........ 46

Week 8 ........ 53

**Kwartaal 2** ........ **61**

Tema: **Ons voel** ........ **62**

Week 1 ........ 62

Week 2 ........ 71

Tema: **Ons gebruik tegnologie** ........ **78**

Week 3 ........ 78

Week 4 ........ 87

Tema: **Ons volg instruksies** ........ **94**

Week 5 ........ 94

Week 6 ........ 103

Tema: **Ons is kreatief** ........ **110**

Week 7 ........ 110

Week 8 ........ 119

# KWARTAAL 1

# Tema: Ons stel doelwitte

**Taalverryking:**

Aanhaling

Die oorspronklike woorde wat iemand oor iets gesê het. Wanneer iemand iets besonders kragtig of betekenisvol sê, neem ons kennis van hul woorde, sodat ons dit kan herhaal.

"Kampioene hou aan speel totdat hulle dit regkry." Billy Jean King

Hierdie aanhaling beteken dat kampioene mense is wat aanhou probeer totdat hulle hul doel bereik het.

Verhale:

**Marie spaar**



**Thuli se nuwe hoenders**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **doelwit:** | Iets wat jy wil bereik of wil word, iets waarna jy strewe om te bereik. |
| **spaar:** | Om iets te bêre sodat jy dit later kan gebruik of om nie dadelik jou geld te spandeer nie. |
| **geld:** | Dit wat ons gebruik om vir dinge te betaal. |
| **verdien:** | Om geld of 'n beloning te kry deur te werk of 'n taak te verrig. |
| **hen:** | 'n Wyfiehoender wat eiers lê en gewoonlik stiller en kleiner as die haan is. |
| **haan:** | 'n Manlike hoender met helder vere wat dikwels soggens hard kraai. |
| **besigheid:** | 'n Plek waar mense goed verkoop of dienste aanbied soos in 'n winkel of salon. |
| **plan:** | 'n Reeks stappe wat jy neem om jou doel te bereik of om 'n taak te voltooi. |

## Woordeskat:

| | |
|---|---|
| **sukses:** | Om jou doel te bereik of om iets goed te doen. |
| **vordering:** | Om soos jy oefen elke keer 'n bietje beter te word, bietjie vir bietjie. Om vooruitgang te maak. |
| **toekenning:** | 'n Prys of iets wat jy ontvang vir goeie werk gelewer. |
| **probeer:** | Om met moeite iets te probeer doen, al is dit moeilik. |


**Vra jou gesin:**



Wat is een doelwit wat jy graag wil hê ek moet vanjaar bereik?

Wat is die een doelwit wat jy graag wil hê ek moet in my lewe bereik?







Tema: **Ons stel doelwitte**

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| s a | s e | p i |
| in | su | i t |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

s i

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Wie sit so lekker in die son? Moenie brand nie! Dit is nie lekker nie!

Ek hou van die see. Ek hou van die son. Ons sit en kyk na die water. Is daar visse in die see? Maak ink die see se water so?

Ek sien ’n silwer vis. Die vis swem vinnig. Ek sit stil en sien die vis weer. Miskien wil die vis met my praat.

Ma roep. Ons moet nou alles inpak. Ons moet huis toe gaan. Dit was ’n lekker dag!

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| e n | t e | el |
| ta | o t | te |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

e t

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek wil elke dag my boek lees. Mamma drink elke dag tee.

Pa gee vir my ’n emmer. Ons gaan see toe. Ek bou ’n kasteel met my emmer.

Ons speel tennis by die see. Ons maak ’n groot tent. In ons tent is daar nie ’n tafel nie.

Ek moet erken dat dit ’n lekker dag was.

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| ne | no | op |
| ok | lo | nu |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

o n

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons is by die sirkus. Die nar sit onder die os. Wat maak die nar? Ons lag vir hom.

Die nar dra ’n oranje jas. Die nar speel op ’n orrel. Die orrel raak nat. Ons lag vir die nar.

Wat is in sy jas se sak? Daar is nege ronde lekkers.

Die nar eet die nege lekkers vir ontbyt. Ons lag vir die nar.

Ek het nog nooit lekkers vir ontbyt gehad nie.



Kreatiewe storievertelling

## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te hersien:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| le | la | lo |
| li | lu | el |

## Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| s | i | t | e | n | o |
| l | k | a | r | b | m |

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Lenie lek haar lemoen. Sy lek haar lippe af. Dit is suur! Sy los die lemoen op die tafel.

Lenie gaan na buite. Sy kyk na die lug. Sy sien wolke. Sy gaan kyk na die lam by die skape. Sy gee vir die lam kos.  Die lam lek haar. Lenie lag.

Lenie sit die lig aan. Sy lees haar boek. Sy gaan nou lekker slaap. Sy hoop die lam slaap ook lekker.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Ben leer sy tafels

Ben hou baie van skool. Hy hou van sy maats. Hulle speel lekker. Hy hou van lees. Ben hou nie daarvan om somme te doen nie. Hy ken nie sy tafels nie.



Eendag stel Ben vir homself ’n doel. Hy vra sy ma om hom te help om sy tafels te leer.

Die volgende dag maak Mamma Ben wakker. Hulle sit by die tafel en eet pap. Mamma sit ’n paar albasters voor hom neer. Mamma sê dat hy die albasters twee-twee bymekaar moet sit.

“Goed, wat is 3 keer 2? Hoeveel hopies van twee moet jy tel?”

Ben dink ’n bietjie. “Drie hopies,” sê Ben.

“Korrek,” sê Mamma. “Tel hoeveel albasters daar in drie hopies is.”

Ben tel: “Een, twee, drie, vier, vyf, ses. Drie maal twee is ses!”

Ben en Mamma speel elke oggend met die albasters. Ben leer sy tafels. Dit is maklik.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. Waarvan het Ben by die skool gehou?**
- a. Vriende en lees
- b. Vriende en wiskunde
- c. Tafels en lees

**2. Watter doel het Ben vir homself gestel?**
- a. Om vroeg op te staan
- b. Om met albasters te speel
- c. Om sy tafels te leer



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

| | | |
|---|---|---|
| venster | tafel | vensters |
| tafels | goggas | gogga |

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|
| | |

# Tema: Ons help

**Taalverryking:**

Spreekwoord

'n Kort tradisionele gesegde wat soms raad bied. Spreekwoorde sluit dikwels figuurlike taal, soos metafore, in.

Baie hande maak ligte werk

Hierdie spreekwoord beteken dat iets vinniger en beter gedoen word wanneer baie mense met 'n taak help. Dit wys vir ons dat dit dinge makliker maak as ons saamwerk en mekaar help.

Verhale:

**Adri en Erika se groot avontuur**



**Timeo help sy gesin**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **waggel:** | Om val-val te loop of heen en weer te beweeg, soos wanneer iets wil omval. |
| **balanseer:** | Om in ewewig te bly en nie te val nie. |
| **uitgeput:** | Om baie moeg/afgemat te wees en geen energie oor te hê nie. |
| **avontuur:** | 'n Opwindende uitstappie of aktiwiteit waar jy nuwe dinge probeer en pret het. |
| **boelie:** | Iemand wat dinge sê wat ander seermaak, bangmaak, laat skrik of op 'n ander manier gemeen is. Dit maak die ander persoon seer, kwaad of bang. |
| **ignoreer:** | Om opsetlik nie aandag te gee aan iemand of iets nie. |
| **beledig:** | Om iemand te boelie en om iets gemeen te sê wat iemand se gevoelens seermaak. Iemand se eer krenk. |
| **ondersteun:** | Om iemand te help deur vriendelik te wees, met iets te help of hulle aan te moedig. |

## Woordeskat


**vriendelik:** Om vriendelik teenoor ander te wees deur mooi woorde en dade te gebruik.

**hulpvaardig:** Om iets met graagte vir iemand te doen wat die persoon se werk of probleem makliker maak.

**omgee:** Om na iemand om te sien en seker te maak dat hulle veilig en gesond is.

**vertroos:** Om ’n persoon beter te laat voel wanneer hulle hartseer of seergemaak is deur naby aan hulle te wees, te luister of deur vriendelike dinge te sê.


**Vra jou gesin:**



Waarmee benodig jy hulp?
Kan ek jou hiermee help?

Wat kan ons doen om ons huis of gemeenskap beter te maak? Hoe kan ons dit doen?





## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| k a | ki | k o |
| sa | am | an |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

k a

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek dek die tafel. Ma kook lekker kos. Dit lyk lekker. Ma is vandag die kok.

Pa sit sy das aan vir die dis. Dit is vis met patat en bone. Vandag eet ons lekker. Watter ander kos is vir jou lekker?

Hou jy ook van vis? My kat hou ook van ’n vet vis. Waar is my kat? My kat sit op die dak! Kom! Kom eet jou vis! Is daar ’n arend op die dak? Ek haal net asem en roep my kat.

Na ete maak Pa ’n vuur in die kaggel. Ons vier sit voor die vuur. Ek eet ’n appel.

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| r u | v u | v u |
| r o | r a | v e |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

r v

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Anna se raket is weg! Hoe gaan sy nou tennis speel?

Hulle soek die raket van vroeg tot laat. Hulle soek op die rak. Hulle soek voor die kar. Hulle soek onder die bed.

Pa is regtig kwaad. Die raket is duur. Hy raas met Anna.

Wat is daar onder die deken? Jy is reg!


Vandag het Anna 'n duur les geleer!



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:






## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| d a | d e | d i |
| uk | lu | b u |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

d u

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die bus ry in die pad. Die bus ruk.

Daar is ’n dier in die pad. Die man met die das klim uit. Hy jaag die dier weg. Hy gaan sit weer in die bus. Die bus kan weer verder ry.

Vandag is ek lus vir roomys? Is jy ook lus vir roomys? Die dag is lekker. Na die roomys kan ons rus.

Kom ons rus onder die boom.













Tema: **Ons help**

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| w y | wa | wo |
| we | w i | wu |

## Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| y | f | h | b | m | p |
| u | w | o | a | i | e |

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons is op die plaas by Ouma en Oupa.

Oupa wys vir ons die wol van die skape. Die wol is nie wit nie. Die wol moet gewas word. Ons koop wol in die winkel. Wol is duur.

Ouma gaan wafels bak. Oupa buk en ek klim op sy rug. Kom ons gaan wafels eet.

Wanneer kan ons weer plaas toe kom?

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Sanet help by die huis

Sanet bly saam met haar ma, pa en boetie in 'n huis. Sanet help altyd. Sy maak elke dag haar bed op. Sy pak die speelgoed weg. Sy speel met haar boetie.

Sondagoggend word sy wakker. Sy sien die hoop papiere op die vloer. Sy vee die vloer en kry daarna die mop. Sy was die vloer silwerskoon. Sanet is bly.

Sy sien dat die tafel nog nie gedek is nie. Sy vee die tafel af en dek die tafel. Sanet is gelukkig.

Sanet sien al die skottelgoed. Sy tap water en sit seep in die wasbak. Sy was die skottelgoed versigtig. Sy droog alles af en pak dit weer in die kas.

Sanet voel gelukkig. Die plek is weer mooi en skoon. Dit is vir haar lekker om haar gesin te help.





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. Wat doen Sanet elke dag?**

a. Sy was die skottelgoed en vee die vloer.
b. Sy maaak haar bed op, pak die speelgoed weg en speel met haar boetie.
c. Sy was die vloer en dek die tafel.

**2. Wat het Sanet Sondagoggend gedoen?**

a. Sy het die skottelgoed gewas, die tafel gedek en haar haar bed opgemaak.
b. Sy het die tafel gedek en die skottelgoed gewas.
c. Sy het die vloer gewas, die tafel gedek en die skottelgoed gewas.



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

appels mans
dogter man dogters appel


| Enkelvoud | Meervoud |
| --- | --- |



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:






## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| b a | bo | m o |
| m a | me | b e |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

m b

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

’n Gogga byt hom. Hy gil van die pyn. Sy maat kyk en lag vir hom. Dit is net ’n mier. Sy maat gee vir hom ’n lekker. Sy maat is gaaf.

Oupa en Pappa gaan jag. Pappa dra ’n jas. Ons gaan nie jag nie. Ons gaan saam met Ouma koekies bak. Bak jy ook koekies?

Die bak val! Wat nou? Ek mag nie jok nie! Wat moet ek doen? Ek tel die bak op en neem ’n lap. Ouma sien my. Sy lag. Ouma gee my ’n soen.

Ouma is die beste!

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| py | wy | my |
| pa | op | pe |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

p y

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons sit buite. Wat hoor ek?

Dit is ’n by! Eina! Dit pyn! Mamma kry ys uit die yskas uit. My been is nie meer seer nie. My lappop lag vir my.

Pappa neem die byl en kap hout. Dit lyk my ons gaan vanaand lekker eet. Mamma kook pap. Ons gaan nie pasta eet nie.

Pappa neem sy pyp en gaan sit op die stoep. Ek neem my pop en sit by Pappa.



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:









## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| f e e | h u u | h e e |
| fe | fo | hu |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

f h

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

Anna is op die plaas. Sy wil ’n foto van al die diere neem. Sy soek die hen.

Anna fynkam die plaas vir die hen. Die hen is weg. Die honde help ook soek. Hulle soek by die hok. Hulle soek in die tuin.

Die son skyn fel. Die hen sit in ’n holte agter die boom. Anna lag en neem die foto van die hen.

Hulle soektog was nie verniet nie!



Kreatiewe storievertelling

## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| g e | g i e | gu |
| ja | jo | ju |

## Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ie | h | ee | uu | aa | oo |
| e | o | r | s | n | t |

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die gordyn gaan oop. Dit gaan begin.

Die towenaar laat die mense gil. Hy haal ’n gogga uit ’n groot hoed. Die mense gril en gil!  Wat is in die towenaar se jas?

Dit is sowaar Pa se horlosie en Ma se juwele. Hoe het hy dit gekry? Hy mag nie jok nie.

Die towenaar gee die juwele vir Ma. Hy lyk nie jammer nie.

Ons het lekker vir die towenaar gelag.

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Jannie help

Op 'n sonnige dag gaan Jannie na die park. Hy sien 'n ou tannie. Sy is hartseer. Haar hond is weg.

Jannie vra: "Wat is Tannie se hond se naam?"

Die tannie antwoord: "My hond se naam is Bella. Sy is klein, wit en het 'n krulstert."

Jannie wil help. Hy sê: "Ek sal na Bella soek. Ons sal haar kry!"

Hulle loop in die park en roep: "Bella! Bella!"

Hulle kyk agter die bome. Hulle kyk onder die bankies. Jannie sien hoe 'n bos beweeg. Hy hardloop na die bos toe.

"Is Bella in die bos?" vra die ou tannie.

Jannie kyk in die bos. "Ja! Bella is hier!" sê hy.

Bella spring uit die bos uit. Sy beweeg haar krulstert. Die ou tannie glimlag. Sy gee vir Bella 'n drukkie.



"Dankie, Jannie!" sê die tannie.
Jannie voel gelukkig. Hy het die ou tannie gehelp om weer haar hond te kry.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. Hoe het Bella gelyk?**
a. Wit, klein, met 'n lang stert
b. Klein, wit, met 'n krulstert
c. Klein, geel en wit

**2. Waar het hulle vir Bella gekry?**
a. Agter die bome
b. In 'n bos
c. Onder 'n bankie



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

| | | |
|---|---|---|
| lemoen | planne | vark |
| lemoene | plan | varke |

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

# Tema: Ons liggame

**Taalverryking:**

Liedjie

Woorde geskryf wat gesing word, gewoonlik met musiek. Die liedjies sluit gewoonlik ritme, herhaling en rym in om die storie te vertel of gevoel uit te druk.

**Kop, Skouers, Knieë en Tone**

Kop, skouers,

knieë en tone (2x)

Kop, skouers,

Knieë en tone (2x)

En ore en oë en mond en neus

Kop, skouers

Knieë en tone

Hierdie liedjie leer ons van die verskillende dele van ons liggaam.

Verhale:

**Lesego voel ongemaklik**



**Zama se slegte dag**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **gemaklik:** | Om goed en ontspanne te voel, soos wanneer jy in 'n sagte stoel sit. |
| **ongemaklik:** | Om nie goed en ontspanne te voel nie, soos wanneer jy op 'n baie harde stoel sit. |
| **dapper:** | Om iets te doen, selfs wanneer jy bang voel; om sterk en moedig te wees. |
| **onder:** | Dui posisie aan. Om aan die onderkant van iets te wees. Die teenoorgestelde van bo. |
| **gewig:** | Hoe swaar iets of iemand is. |

## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **selfbewus:** | Om skaam en angstig te voel omdat mense na jou kyk. |
| **aanmerkings (te maak):** | Om iets te sê om jou gevoelens oor 'n persoon, prent of idee te deel. |
| **respekvol:** | Om beleefd te wees teenoor ander; om te wys dat jy omgee oor hulle gevoelens en idees. |
| **swak:** | Nie baie sterk nie. Jou liggaam voel moeg of jy kan nie maklik moeilike dinge doen nie. |
| **sterk:** | Om krag in jou liggaam te hê om dinge op te lig, te hardloop of te speel sonder om vinnig moeg te word. |
| **gesond:** | Wanneer jou liggaam goed voel omdat jy goed eet, genoeg slaap en baie beweeg en oefen. |
| **ongesond:** | Wanneer jou liggaam nie so goed voel nie as gevolg van te veel gemorskos, te min slaap of nie genoeg beweging nie. |

**Vra jou gesin:**



Wat kan ons nog doen om ons liggaam gesond en sterk te hou?

Met wie kan ek praat as ek ooit iets oor my liggaam wil weet?



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| boe | sie | goe |
| kie | mie | oen |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

oe ie

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Sien jy die koek? Lien verjaar en word tien! Sy kry iets met wiele. Ja, dit is ’n fiets.

Wat maak so? Die by soek iets. Die by wil koek eet.

Ek kyk na die by. Die by sit nou op die koek. Die by het 6 pote. Die by is nie ’n dier nie, maar ’n insek. ’n Mier is ook ’n insek.

Hier kom Lien. Sy wys vir ons haar boek. Sy wys vir ons haar fiets. Haar fiets is geel Sy wil op haar geel fiets ry.

Ons moet eers die groen koek eet, Lien!



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:









## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| baa | too | aan |
| woo | soo | raa |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

aa oo

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Haan loop na die bos. Daar bly ’n haas. Haan raas met die haas. Eet jy my kaas? Wie het my kaas geneem?

Haas se oor en toon pyn. Haas is vandag doof. Hy hoor nie vir Haan nie. Haas loop weg.

Haas hoor ’n geraas en gil. ’n Aap sit op ’n paal. Wat eet die aap? Die aap eet Haan se kaas. Haan hoor ook die geraas.

Haan raas met die aap. Los my kaas! Los my kaas! Aap los die kaas en loop weg.

Haan gee vir Haas ’n roos. Hy is jammer.



## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te hersien:






## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| mee | kee | gee |
| dee | wee | hee |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

ee

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:


Ouma drink tee. Sy sit op die stoep.

Ouma weeg die meel. Sy breek die heel eiers en sit alles in ’n bak. Ons gaan koekies bak!

Met wie sal ons die koekies deel? Miskien moet ons ’n paar vir die ou mense gee. Miskien moet ons ’n paar met die werkers deel.

Ek eet die laaste deeg uit die bak. Die bak is nou leeg. Ouma lag! Moet ek die bak nog was? Die bak lyk vir my skoon. Jy het hom dolleeg gemaak.

Ouma se koekies is die beste!



Tema: **Ons liggame**

## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te hersien:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| kuu | uur | huu |
| duu | suu | tuu |

## Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ee | aa | p | l | oe | ie |
| b | d | r | w | k | t |

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Wat is nuus by die diere?

Die aap wil ’n nuwe huis huur. Sy ou huis is gebreek. Die muur het ’n groot gat.

Eland wil ’n duur motor koop. Hy wil nou ry en nie meer stap nie. Hoe dink hy sal hy in die motor pas?

Spinnekop trek ’n suur gesig. Wat makeer? My maag is seer.

Bok tuur in die verte. Wat sien Bok daar ver? Is dit gevaar?



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Sanet gebruik haar liggaam

Sanet spring uit die bed uit. Sy gebruik haar bene om badkamer toe te loop. Sy gebruik haar hande om haar tande te borsel. Sy gebruik ook haar hande om haar gesig te was.

Sanet gebruik haar ogies om na die bord te kyk. Sy gebruik haar brein om te dink. Gedurende pouse gebruik sy haar bene om oor die gras te hardloop.

Na skool doen Sanet haar huiswerk. Sy moet weer haar brein gebruik. Later speel Sanet saam met haar sussie in die tuin. Sy wys vir haar sussie hoe om ’n bal te vang. Hulle gebruik hulle hande om die bal te vang.

Na die besige dag is dit tyd vir ete. Na ete is dit badtyd en slaaptyd. Sanet lê in die bed en dink glimlaggend: “Ek gebruik my liggaam elke dag. Ek is dankbaar vir al die dinge wat ek kan doen.”





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. Waarvoor is Sanet dankbaar?**
   a. Haar brein om te dink
   b. Haar arms om haar maats 'n drukkie te gee
   c. Haar liggaam, vir alles wat haar liggaam kan doen

**2. Wat het Sanet na ete gedoen?**
   a. Sy het in die tuin gaan speel
   b. Sy het gaan bad en gaan slaap
   c. Sy het water gedrink



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

| | | |
|---|---|---|
| sak | stal | stalle |
| damme | dam | sakke |

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te lees:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| hui | lui | bui |
| sui | mui | uil |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

ui

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Uile nag in die jag. Hulle kan goed sien en hoor.

Hulle vere is so gemaak dat hulle nie ’n geluid maak as hulle vlieg nie. Hulle vlieg geluidloos. Een oor is bokant die ander een. Dit help hulle om te weet waar die geluid vandaan kom.

Uile eet muise, insekte en soms visse. Hulle eet nie bene, vel of vere nie en spoeg dit uit.

Die klossies op sy kop is nie ore nie, maar vere.

Het jy al ’n uil in julle tuin gesien? Ek het net ’n duif in ons tuin gesien.



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg:









## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| twa | twy | twi |
| twee | twaa | |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

tw

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Voordat jy twaalf is moet jy die boek 'Twee vir 'n stuiwer' lees.

Die boek gaan oor mossies in die bodorp. Skeel At en Kuif verdedig die mossies in die twis met 'n bende. Daar is nog baie avonture in die boek.

Twis is 'n ander woord vir baklei.

Ek twyfel nie, jy sal van die boek hou. Koos hou nie van lees nie, hy dink dat lees pure twak is. Kan jy dit glo!

## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te lees:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| sei | kei | rei |
| ein | eil | eik |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

ei

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Het jy al gehoor van die storie van die keiser se nuwe klere? Hy het van nuwe klere gehou. Dit is 'n feit.

Twee diewe het hom gekul. Niemand wou vir die keiser die waarheid vertel nie. 'n Jong seun het die waarheid vertel. So het die bedrog die keiser se ore bereik.

Ek kan aflei dat die seun dapper was. Wil jy graag die storie hoor? Probeer om self die boek te lees. Jy sal lekker lag.



Kreatiewe storievertelling



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg:









## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| vla | vle | vlu |
| vlie | vlei | vloo |



## Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| b | r | ui | l | ei | ee |
| v | s | n | h | g | a |

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

’n Vlieg is ’n insek. ’n Vlieg kan met sy pote proe. Hulle kan op plafonne loop. Ek vlug liewers as ek ’n vlieg sien.

Hulle kan baie siektes oordra. Hulle kan hulle vlerke vinnig klap.

Ons sukkel met hulle gedurende die somer. Veral as Pa vleis op die kole sit.

Het jy geweet dat ’n vlieg net vir 30 dae leef? Hulle is vuil.

’n Vlieg moet nie naby my vlieg nie!



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Hennie se groot resies

Hendrik hou van hardloop. Hy wil graag die komende resies wen. Die resies is binnekort. Hennie voel 'n bietjie bang. Sommige van die ander atlete is baie vinnig.



Hennie oefen elke dag vir die groot resies. Na skool gaan hy na die baan toe. Hy begin opwarm. Hy oefen sy spiere. Hy oefen ook sy bene se spiere. Hy oefen sy rug se spiere. Hy wil nie beseer word nie. Daarna begin hy om om die baan te hardloop. Hy hardloop totdat sy spiere brand en sy asem jaag. Hardloop is harde werk. Hardloop maak hom gelukkig. Hy sorg dat hy goed afkoel na die oefening.

Hendrik voel gereed voor die groot resies. Hy het hard gewerk. Hy is dankbaar dat hy so 'n goeie liggaam het. Hy is dankbaar dat hy so vinnig kan hardloop.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wat het Hennie gedoen om 'n besering te voorkom?**
   a. Hy het elke dag geoefen.
   b. Hy het om die baan gehardloop.
   c. Hy het voor die oefening opgewarm en daarna afgekoel.

2. **Hoe voel Hennie as hy hardloop?**
   a. Hardloop laat Hennie gelukkig voel.
   b. Hardloop laat Hennie bang voel.
   c. Hardloop laat Hennie seer voel.



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

| | | |
|---|---|---|
| haas | dwase | kaas |
| hase | kase | dwaas |

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|
| | |

# Tema: Ons los raaisels op

**Taalverryking:**

Gedig

'n Stuk skryfwerk wat sorgvuldig gekose woorde gebruik om idees, gevoelens en beelde uit te druk. Gedigte gebruik dikwels ritme, herhaling en beskrywende taal.

Hoekom?

Hoekom is die lug so blou?
En hoekom is Ouma se tee so flou?
Hoekom is die aarde rond?
En groente tog so gesond?
Sal ek ooit al die antwoorde vind?
Deur al die boeke te verslind?

Hierdie gedig vra snaakse vrae soos hoekom die lug blou is en hoekom die aarde rond is. Dit laat ons oor die wêreld dink en oor baie dinge wonder. Dit herinner ons daaraan dat ons nie altyd al die antwoorde sal hê nie en dat ons leer deur vrae te vra.

Verhale:

**Mandu se geheime dagboek**



**Wegkruipertjie**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **oplos:** | Om die antwoord te vind of die probleem op te los. |
| **leidraad:** | 'n Klein stukkie inligting wat jou help om 'n antwoord te vind of om 'n probleem op te los. |
| **dagboek:** | 'n Boek waarin jy privaat oor jou dag, gedagtes en gevoelens skryf. |
| **raaisel:** | Dit is iets waarvan ons min weet of nie kan oplos nie, maar wat ons nuuskierig maak. |
| **wegkruip:** | Om na 'n plek te gaan waar ander jou nie kan kry nie. |

## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **soek:** | Om te kyk of jy iets of iemand wat verlore of weggesteek is, kan vind. |
| **weg:** | Iets of iemand is nie waar dit of die persoon moet wees nie (soos 'n speelding wat jy nie kan kry nie). |
| **buk:** | Om jou bene te buig en jou lyf tot naby aan die grond te bring. |
| **speurder:** | 'n Persoon wat na leidrade soek om uit te vind wat gebeur het. |
| **bewyse:** | Dinge of feite wat jou help om die antwoord te kry, soos 'n voetspoor of 'n nota. |
| **verdagte:** | Die persoon wat ons verdink van iets wat verkeerd gedoen is. Ons moet seker maak of dit waar is. |
| **soek:** | Om noukeurig na iemand of iets te soek. |

**Vra jou gesin:**



Was daar al ooit 'n raaisel in jou lewe? Indien wel, sal jy my asseblief daarvan vertel?

Raaisels kan pret wees! Kan ons vir mekaar leidrade gee om 'n raaisel op te los?



## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te lees:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| kou | hou | sou |
| lou | oud | tou |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

**ou**

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Het jy al ’n fout gemaak? Wat het jy gedoen?

Ek het al foute gemaak. Sommige foute kan jou laat lag. Ek het te veel suiker in my koffie gesit. Selfs ou mense maak soms foute.

Sommige foute is seer. Ek moes hout kap en het my toon raak gekap. Ek het dit berou! Die toon was blou! Dit was baie seer.

Wat hoor ek nou? Dit is water wat val. Dit sous nou lekker.



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg:









## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| vr | vry | vra |
| vru | vru | vree |



## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

vr

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Boet sien ’n lekker ryp vrug. Hy lek al sy lippe af. Hy is nou lus vir hierdie vrug.

Hy neem ’n groot hap! Agge nee! Die vrug is vrot. Boet vra vir Mamma vir ’n ander vrug.

’n Donkie kan ’n swaar vrag dra. Is daar iets wat donkies vrees? Donkies hou nie daarvan om in die water staan nie.

’n Donkie is nie koppig nie. As die las te swaar is, sal die donkie net nie loop nie.

’n Ander woord vir donkie is esel. Vra jou maat of hy dit weet!

## Klanke

Maak beurte om hierdie klank te lees:




## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | |
|---|---|
| deu | geu |
| seu | reu |

## Enkodering

Vind al die woorde in die storie wat hierdie klanke gebruik:

eu

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die reus met die groot neus bly in die bos. Hy is altyd vrolik en hou van mooi kleure.

Elke oggend ruik hy vars brood met sy neus. Mmm ... dit is ’n heerlike reuk! Ek is lus hiervoor. Hy leun teen die deur en wag vir sy sny brood.

Die reus help altyd waar hy kan. Almal hou van die reus.

Almal weet dat die reus van mooi kleure hou. Hulle besluit om hom te verras. Hulle gaan sy huis verf. Hulle kies helder kleure vir die mure.

Ek wonder of hulle sy meubels ook gaan verf? Wat dink jy?



Tema: **Ons los raaisels op**



## Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg:









## Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

| | | |
|---|---|---|
| ng | eng | ang |
| ing | ent | ong |



## Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| n | g | a | r | ou | ie |
| b | l | s | e | e | o |

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die koning hou baie van sy blink ring. Hy dra elke dag die ring.

As hy die ring dra, voel hy bly . Dan sing hy sommer ’n lied. Almal sing saam met hom.

Die koning stap in die tuin. Hy gly! Hy verloor sy ring. Dit is nou vir jou ’n ding! Die koning sing nie meer nie.

Al die ou manne sit in ’n kring om te dink oor die koning. Hoe kan hulle hom help?

Hulle bring vir hom koek. Hulle bring vir hom boeke om te lees. Niks help nie. Hulle raak bang. Sal hulle koning weer sing?

Wat blink so in die tuin? Wat dink jy is dit?

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Die verlore bal

Bart en Dirk gaan na buite. Dit is ’n heerlike warm dag. Hulle wil graag met hulle blou bal speel. Hulle soek oral na die bal, maar kry dit nie.

Bart sê: “Ons bal is weg!”


Dirk sê: “Kom ons probeer om die raaisel op te los.”

Hulle kyk onder die bank. Hulle sien nie die blou bal nie. Hulle kyk agter die boom. Hulle sien nie die blou bal nie. Hulle sien klein voetspore in die sand.

“Ek dink die voetspore is ’n leidraad,” sê Bart.

“Kom ons volg die voetspore,” sê Dirk.

Uiteindelik sien hulle die blou bal in die sandput. ’n Hond is besig om met die bal te speel. Bart en Dirk lag. Hulle voel goed dat hulle die raaisel opgelos het.





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. Wat was weg?**
a. 'n Hond
b. Die blou bal
c. Die sandput

**2. Waar het Bart en Dirk gesoek?**
a. Onder die boom en agter die bank
b. Onder die bank en agter die boom
c. Onder die hond en agter die sandput



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

| | | |
|---|---|---|
| boom | skole | boot |
| bome | bote | skool |

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|
| | |

## Enkodering

Voltooi elke **woord** deur een van hierdie **klanke** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| ui | ee |
| bl | ie |
| aa | r |
| s | |

1. d_k
2. sl_n
3. _are
4. mak_r
5. vuu_
6. s_n

## Enkodering

Voltooi elke **sin** deur een van hierdie **woorde** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| blou | verjaar |
| groen | eet |
| blaas | maats |
| gaan | |

1. Nomsa ____.
2. Al haar ____ is by daar.
3. Hulle ____ haar verjaarsdag vier.
4. Marie gee vir Nomsa 'n ____ en ____ rok.
5. Nomsa ____ die kerse uit.

## Vlotheid

Maak beurte om die storie te lees:

Haan hou van raas. Hy raas al die hele dag. Sal Boer vir hom meer kos gee as hy so raas? Hy hoop so. Boer se kop is vandag seer. Hy hou nie van die geraas nie. Boer is nie in 'n goeie bui vandag nie. Haan is jammer vir Boer. Wat kan hy doen om Boer te help?

Haan lag. Hy kan vir Boer help. Hy sal 'n pil by die apteek vir Boer koop. Die pil sal vir Boer gesond maak. Boer is nou bly en gee vir Haan nog kos. Haan raas daardie dag nie meer nie.

## Enkodering

Voltooi elke **woord** deur een van hierdie **klanke** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| oo | aa |
| bl | uu |
| f | ie |
| r | |

1. r_s
2. m_k
3. _om
4. d_r
5. muu_
6. s_k

## Enkodering

Voltooi elke **sin** deur een van hierdie **woorde** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| bruid | duif |
| koerant | draf |
| buite | kruip |
| brood | |

1. Ons speel ____.
2. Mamma bak ____ .
3. Ons ____ om die huis.
4. Pappa lees die ____ .
5. Ek ____ vir Koos weg.

## Vlotheid

Maak beurte om die storie te lees:

Meneer Muis staan voor sy huis. Hy kyk na sy tuin. Hy haal ’n ui uit sy tuin uit.

Die ui laat hom huil. Hy neem die ui na die kombuis. Mevrou Muis juig!

Na ete reis hulle per motor. Hulle sien beeste in die veld wei. Pa Muis wys vir hulle die fontein. Daar is ook ’n ou huis by die fontein.

Meneer Muis maak die deur oop. Die houtvloer kraak. Dit maak nie saak nie. Hulle het ’n nuwe huis!

## Enkodering

Voltooi elke **woord** deur een van hierdie **klanke** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| ou | br |
| oo | ui |
| m | d |
| eu | |

1. r_s
2. k_d
3. _ood
4. d_f
5. soo_
6. g_r

## Enkodering

Voltooi elke **sin** deur een van hierdie **woorde** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| geure | brief |
| baie | bruin |
| breek | brei |
| woud | |

1. Ek skryf 'n _____ en Ouma _____ .
2. Mamma bak 'n _____brood.
3. Iets _____ in die kombuis.
4. Dit is die fles wat al _____ oud is.
5. Die lekker _____ kom uit die kombuis uit.

## Vlotheid

Maak beurte om die storie te lees:

Kom ons speel buite. Ons twee sal baie pret beleef.

Ons kan 'n skip bou en 'n vlag op die mas sit. Ons kan ou lappe gebruik. Ons skip sal op die woeste see vaar. Ons sal niks vrees nie!

Ons kan baie in ons skip doen. Ons kan ons boeke lees. Ons kan selfs inkleur as ons wil. Op ons skip is ons die baas!

Eina! Dit is seer. Die hout het op my geval! Bring gou 'n pleister!



Kreatiewe storievertelling

## Enkodering

Voltooi elke **woord** deur een van hierdie **klanke** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| o | ui |
| tw | ou |
| a | b |
| ei | |

1. r_ts
2. b_tel
3. r_k
4. vr_
5. _ee
6. ba_a

## Enkodering

Voltooi elke **sin** deur een van hierdie **woorde** te gebruik
Skryf in jou skryfboek.

| | |
|---|---|
| koud | gevang |
| polisie | vra |
| dwerg | kring |
| roei | |

1. Die mense staan in 'n ____.
2. Die ____ is gou op die toneel.
3. Die skurk word ____.
4. Jy moet altyd ____ as jy nie weet nie.
5. Dit is winter en dit is ____.

## Vlotheid

Maak beurte om die storie te lees:

Die uil is baie slim. Wie is bedags so slim soos die uil?

Die uil is vandag suinig met sy raad. Wat makeer? Vlug jy vir die arend? Is julle twee nie maats nie?

Ek vlieg in die nag. Die arend vlieg in die dag. Ons kan nie maats wees nie.

Muis stem nie saam nie. Dag en nag kan saamwerk. Julle is albei slim.

Uil en arend glimlag vir mekaar. Hulle fladder hulle vlerke en vlieg weg.

Die klein muis was vandag die slimste!

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Die verlore kosblik

Pouse maak Jana haar skooltas oop. Haar kosblik is nie daar nie. Sy is seker dat sy dit vanoggend ingepak het. Jana voel hartseer en honger. "My kosblik is weg," sê Jana. Naledi kom om te help.

"Kom ons probeer om die raaisel op te los," sê Naledi.

Jana en Naledi soek onder die tafel en agter die stoel. Hulle soek agter die deur. Hulle vra hulle vriende. Niemand het die kosblik gesien nie.

Skielik sien Jana iets. Sy sien broodkrummels op die vloer. Hulle volg die broodkrummels tot by die leeshoekie. Jana se kosblik is op die mat! 'n Muis is besig om Jana se brood te eet. Hulle kyk hoe die muis eet. Hulle vee al die broodkrummels van die mat af.

"Die muis het my kos gevat," sê Jana. Sy voel baie ongelukkig.

"Ek sal my kos met jou deel," sê Naledi.

Die maats is bly dat hulle die raaisel opgelos het.





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. Hoe het Jana gevoel toe haar kosblik weg was?**
- a. Gelukkig en opgewonde
- b. Hartseer en honger
- c. Kwaad en hartseer

**2. Watter leidraad het Naledi gesien?**
- a. Die kosblik op die mat
- b. Broodkrummels op die vloer
- c. 'n Muis in die leeshoekie



## Morfologie

Rangskik die woorde in enkelvoud en meervoud.
Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat vir ons wys of dit enkelvoud of meervoud is.

| | | |
|---|---|---|
| bene | veer | been |
| keel | vere | kele |

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|
| | |


Tot siens!
Hou aan om elke dag te lees.



# KWARTAAL 2



# Tema: Ons voel

**taalverryking:**

Idioom

Dit is 'n frase waar die woorde 'n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

Maak nie van sy hart 'n moordkuil nie.

Reguit sê wat hy/sy dink of voel. Hy/sy steek nie sy/haar emosies weg nie.

Verhale:

**Kobus op die verhoog**



**Bennie voel hartseer**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **verhoog:** | 'n Verhoogde platform waar mense optree. |
| **optree:** | Om voor ander mense 'n rol te vertolk, te sing of te dans. |
| **oudisie:** | 'n Proeflopie om te kyk of jy 'n rol in 'n toneelstuk of vertoning kan kry. |
| **gehoor:** | Die groep mense wat na die vertoning kyk. |
| **indrukwekkend:** | Iets wat jou laat "Sjoe!" sê omdat dit baie goed of wonderlik is. |
| **afwesig:** | Nie daar wees wanneer jy veronderstel is om te wees nie. |
| **genoem:** | Iets gesê. |
| **treur:** | 'n Baie hartseer gevoel wanneer iemand vir wie jy lief is weggaan, of iets baie hartseer gebeur. |
| **gesigsuitdrukking:** | Die manier wat jou gesig lyk as jy iets voel. |
| **gemengde gevoelens:** | Wanneer jy twee verskillende gevoelens gelyktydig voel. |

## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **verward:** | Wanneer jy nie seker is wat besig is om te gebeur of wat om te doen nie. Jou gedagtes voel deurmekaar. |
| **reageer:** | Hoe jy optree en voel wanneer iets gebeur. Byvoorbeeld, wanneer jy geval het, mag jy reageer deur te huil. |


**Vra jou gesin:**



Wat is iets wat julle kwaad of ontsteld laat voel?

Met wie praat julle oor jou gevoelens?







## Klanke

Maak beurte om al die klanke te lees wat julle behoort te ken:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| s | i | t | e | n |
| o | l | k | a | r |
| v | d | u | w | b |
| m | p | y | f | h |
| g | j | aa | oo | ee |
| uu | ie | oe | ui | ei |
| ou | eu | tw | vl | vr |
| ng | bl | br | dr | dw |
| fr | fl | gl | gr | kl |
| kn | kr | kw | oe | ng |
| ie | br | uu | ui | dw |
| eu | tw | ou | ei | aa |

**Bespreek met jou maat:**

1. Watter klanke het jy nie geken nie?
   Skryf 'n lys van hierdie klanke in jou skryfboek.

2. Watter klanke moet jy oefen om te lees?
   Skryf 'n lys van hierdie klanke in jou skryfboek.

**Oefen om te lees en skryf die klanke:**

- Maak jou eie flitskaarte om tuis te gebruik.
- Vra om julle Kernleesboeke huis toe te neem. Oefen om hierdie bladsy te lees.
- Vra jou gesin om verskillende klanke vir jou te vra. Skryf die klanke neer.



## Dekodering

Maak beurte om al die woorde te lees wat julle behoort te ken:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sit | tel | lag | wol | nul |
| byl | kis | vul | rot | kry |
| myne | goud | deur | blaas | skaap |
| kroon | buite | swart | skuur | dwerg |
| graaf | kwaad | eier | water | baba |
| kamer | wafel | later | baie | knoop |
| vraag | bang | present | vandag | tafels |
| fiets | winkel | bladsy | jammer | twyfel |
| fontein | kwaad | speel | trein | skool |
| trui | kraan | kombuis | presies | slang |
| fluister | speelgoed | buurman | glimlag | twintig |
| vliegtuig | vragmotor | klimraam | gelukkig | waterval |

**Bespreek met jou maat:**

1. Watter woorde het jy nie geken nie?
   Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

2. Watter woorde moet jy oefen om te lees?
   Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

**Oefen om die woorde te lees en skryf:**

- Oefen om die woorde wat jy nie ken nie uit te klank.
- Vra jou gesin om verskillende woorde vir jou te vra. Skryf die woorde neer.










Tema: **Ons voel**



## Morfologie

